Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 24 Mei 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 24 MEI

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Tema: Ons versorg mekaar
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

25 MEI — 28 MEI

10:00 Pinksterbiduur: Ds Odie Odendaal
19:00 Pinksterbiduur (Tema: *Die persoon en werk van die Heilige Gees* Video-aanbieding deur Nicky Gumbel)

VRYDAG, 29 MEI

06:00-06:30 Stiltediens
10:00 Pinksterbiduur: Ds Odie Odendaal
18:00 OppiKoffie "BASH"

SONDAG, 31 MEI

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
Tema: Ons versterk mekaar
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 1 JUNIE

19:00 Droomspan

DINSDAG, 2 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 3 JUNIE

17:00 Biduur
19:00 KAF vergadering

DONDERDAG, 4 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
19:00 Ouderlinge vergadering
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 5 JUNIE

06:00-06:30: Stiltediens
18:00-22:00 OppiKoffie

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Tokkie Botha, Van Riebeeckln 204 wat 'n opoerasie ondergaan het. (Blok 2).
2. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma WS5 met Pieter wat tuis aansterk (Blok1).
3. Chris en Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 met Chris wat nog siek is (Blok 4).
4. Bessie du Plessis, Krugerlaan 239(b) wat in die Kaap by haar seun en skoondogter aansterk. Ons bid haar sterkte toe (Blok 1).
3. Willie en Tania Neü, Krugerln 250a met en Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok 1).
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat DV Junie/Julie 'n nieroorplan-ting ondergaan. (Blok 2) Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf Lyttelton-Noord:

Bianca Renate van Graan, woonagtig te Kol Blakestr 13 Tekbasis (Blok 1).

Hartlik welkom Bianca ons hoop jy sal baie gelukkig wees by Lyttelton-Oos en sterkte met jou betrokkenheid by ons jeug.

(Kyk ook bl 10)

DIE GEBEDSBRIEF 16 : SONDAG 24 MEI 2009

Liewe Gemeente

Vandag gaan ons 'n bietjie kyk hoe die Bybel gebruik word in gebed. Dit is onsinnig om sonder die Bybel te probeer bid. In die Bybel openbaar die Here Homself aan ons. God praat met ons deur sy Woord en ons moet daarop reageer. Die Bybel moet telkens korreksies op ons gedrag, denke en gebede aanbring. Die persoon wat sy bestudering van die Bybel verwaarloos, loop onmiddellik die gevaar om te dwaal en is geneig om op sy eie insig en wysheid staat te maak. Die Bybel moet vir die bidder 'n riglyn wees om te gebruik.

Hier volg 'n paar wenke:

Begin jou stiltetyd met die lees van 'n gedeelte uit die Skrif. Bid deur die gedeelte. Let op die vermanings, sondes, beloftes, bevele, voorbeelde en waarskuwings en bid daaroor.

Maak aantekeninge oor die gebede in die Skrif. Begin by die psalms en leer uit die gebede van Dawid wat jy kan, mag en behoort te bid.

Onderstreep veral die beloftes van God in die Woord, vind toepassingsterreine daarvoor in die alledaagse lewe en gebruik dit wanneer jy bid.

Verryk jou gebede met die Skrif.

Bestudeer die lewe van bidders in die Bybel. Leer uit die voorbeeld van Jesus, Dawid, Daniël, Elia, Moses, Paulus, Abraham, Jeremia, Esegiël en ander.

Elke gelowige behoort 'n Bybelstudieprogram en 'n Bybellees-rogram te hê. Dit is nie so 'n onbereikbare ideaal om die Bybel minstens een keer per jaar deur te lees nie. Skaf vir jou 'n Eenjaarbybel aan en gebruik dit daagliks. Dit mag egter nie 'n meer intensiewe bestudering van die Bybel vervang nie. Daar is uitstekende handleidings beskikbaar.

Vra die volgende vrae oor elke Skrifgedeelte:

- Wat staan daar geskryf?
- Wat sê dit vir my?
- Tot watter optrede spoor dit my aan?
- Hoe moet of kan ek daaroor bid?

Die memorisering van Skrifgedeeltes is noodsaaklik. Probeer om drie teksgedeeltes per week te memoriseer. Daar is baie min mense wat werklik in staat is om meer as drie gedeeltes per week baas te raak.

Die Woord is belangrik vir gebed, want dit is wat God self sê. Om die Woord in gebed te gebruik, is om God op sy Woord te neem. God is getrou aan Homself en sy Woord.

Daar is boekies beskikbaar met Bybelbeloftes wat in verskillende onderafdelings ingedeel is en wat baie nuttig in jou gebedstyd gebruik kan word.

VERJAARSDAE : 24 TOT 30 MEI 2009

05/24	KARIEN	SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	Blok 2
05/24	ANNEMARIE	ROELOFFZE	DF MALANLN 29	Blok 4
05/24	ALTA	VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	Blok 3
05/25	INGE	APPELGRYN	MAJ LOOD PRETORIUSSTR 32	Blok 1
05/25	VAN ECK	POTGIETER	HANS STRIJDOMLN 285	Blok 1
05/25	BETS	ROETS	DF MALANLN 26	Blok 4
05/25	HEINRICH	MOMBERG	DF MALANLN 99	Blok 3
05/26	ANTON	VAN ZANTEN	DE LA REYWEG 51A	Blok 4
05/26	PAT	BOOYSEN	DF MALANLN 5	Blok 4
05/26	JACQUES	HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	Blok 3
05/26	NADIA	BOTHMA	DE LA REYWEG 16	Blok 4
05/27	MEIRING	GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	Blok 4
05/28	TAS	BUITENDAG	LANGEBRINKWEG 32	Blok 3
05/28	MARIETA	HUMPHRIES	MOLTENOWEG 4	Blok 2
05/29	MARIËTTE	VAN ROOYEN	KRUGERLN 199	Blok 2
05/29	KITTA	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	Blok 3
05/29	JOHAN	SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	Blok 2
05/30	BETSIE	JONKER	6DE STRAAT 8	Blok 1

HUWELIKHERDENKINGS : 24 TOT 30 MEI 2009

SONDAG, 24 MEI

HERSELMAN	JAPIE EN RITA	TRICHARDTWEG 14	Blok 1
ENGELBRECHT	PEET EN PRISCILLA	LANGEBRINKWEG 49B	Blok 2

MAANDAG, 25 MEI 2009

ODENDAAL	ODIE EN GERDA	DE OUDE ARTÉ 3	Blok 3
WESSELS	MARIUS EN RUSTY	HANS STRIJDOMLN 130	Blok 3

SPESIALE GELUKWENSE

Aan Japie en Rita Herselman — baie geluk met julle 51ste huweliksherdenking.
Gelukwense ook aan Marius en Rusty Wessels met julle 52ste huweliksherdenking.

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

DANK EN WAARDERING …

Ek en my skoonfamilie wil graag aan almal baie dankie sê vir almal se ondersteuning en liefde die afgelope week met Pa Julius se afsterwe en begrafnis. Dis regtig 'n riem onder die hart om te weet daar soveel wat omgee. Spesiale dankie aan Ds. Freddie vir die wonderlike preek Woensdag oggend. Ek is seker almal het kos huis toe gevat. Daar het 'n hele paar komplimente ingekom. En dan 'n groot spesiale dankie aan. Tannie Tia en haar dames wat ons met die tee en eetgoed gehelp het. Dit was wonderlik hoe dit gegons het in die kombuis en almal wat so hulle deel gebring het. Groot dankie daarvoor dit het regtig vir ons almal baie beteken en was wonderlik om nie daaroor bekommerd te wees nie. Mag God elkeen van julle ryklik seën.

Liefde Groete
Madelaine

JEUGAKTIWITEITE

Liewe Ouers

Ons het weereens 'n wonderlike Dinsdagaand ervaring gehad en weereens dankie vir u ondersteuning en bydrae. Ook vir die wat so hard gewerk het, hoop julle het dit baie geniet. Sal later laat weet wat ons gemaak het. Ek wil graag die ouers en gemeente, Droomspan, Kerkraadslede herinner aan volgende Vrydag aand se Vollyball Kompetisie. Kom geniet asseblief die aand saam met ons. Onthou daar sal verversings verkoop wees, alles ter insameling vir die Jeug. Dankie vir u ondersteuning sover!!

Groete
Madelaine Steyn
cel no.: 0823542455

DOOPLIDMAATBEWYSE ONTVANG

Vanaf Eerste Vesting:

Duan Samuel de Villiers
Johannes de Villiers

Hulle woon saam met hul ouers in Eenheid 24 Saligna, Janstr Eldoraigne

Dit kan baie sinvol wees om kleurpodlode te gebruik om sekere dinge in jou Bybel te onderstreep of in te kleur sodat dit duidelik kan uitstaan. Jy kan bv die volgende inleiding gebruik, of jou eie skema uitwerk:

- Beloftes - blou
- bevele - rooi kleur in
- waarskuwings - oranje
- sonde - rooi onderstreep
- Oordeelsaankondigings - bruin kleur in
- lofprysing en aanbidding - geel kleur in
- gebed of gebede - merk met G in kantlyn
- Bose of okkulte handel - merk met 'n * in kantlyn

Hierdie is slegs enkele wenke wat jy kan uitbrei volgens jou eie behoeftes. Geniet dit, bid met deursettingsvermoë en voel hoe God jou lewe verander.

Jesus Groete : Gebedsgroep

TIENDE W.A. LANDMAN GEDENKLESING

DONDERDAG 28 MEI OM 18:00
GROENKLOOFKAMPUS VAN UP
(ou NKP Onderwyskollege)

ATKV Centurion nooi u en enige ander belangstellendes na die Tiende W. A. Landman Gedenklesing op Donderdagaand 28 Mei om 18:00

Ons vereer prof. Landman vir sy jarelange gemeenskapswerk, kerk- en kultuurwerk in Centurion oor 'n tydperk van 60 jaar.

As onderwyser en visehoof by o.a. Laerskool Louis Leipoldt, senior dosent by die Onderwyskollege Pretoria, en later professor en Adjunk Dekaan van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria het hy as akademikus en moraliteitsfilosoof baie diep spore in die Onderwys en Opvoeding in Suid-Afrika nagelaat.

Laat weet asseblief vir ons per epos of SMS hoeveel persone die Gedenklesing sal bywoon.

Vriendelike ATKV-groete.

Sakkie Kotze
Voorsitter

Selfoon: 082 925 1488 www.tak.co.za

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

Alpha

’n Geleentheid

om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Junie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel ...

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

Stephan Joubert skryf soos volg oor die Woordwyser:

Die Bybel is vinnig besig om 'n vergete boek in die kerk te word. Al word daar Sondag na Sondag uit die Bybel gepreek en die een Bybelstudie na die ander aangebied, kom die Bybel self nie altyd op die regte manier aan die woord nie.

Miskien is dit die rede hoekom daar tans minder Bybels wêreldwyd verkoop as al die geestelike boeke oor die Bybel! Party mense dink dat die Bybel uit 'n klompie losstaande tekste en gedagtes bestaan wat jy daar kan uithaal en dan direk op jou eie situasie toepas.

Dikwels word Bybeltekse bloot op hulle gevoelswaarde af verstaan, sonder deeglike kennis van die eie aard van die Bybel self. Ons as gelowiges moet dit egter reg lees.

Die heel maklikste manier is natuurlik om heel voor met elke Bybelboek te begin en dit dan stelselmatig deur te lees. Immers, dis presies hoe die verskillende Bybelskrywers met ons wil praat. Lukas het mos nie eers hoofstuk 16 van sy evangelie geskryf, en daarna hoofstuk 5 en toe weer hoofstuk 12 nie.

Nee, hy het regtig by hoofstuk 1 begin en eers aan die einde van hoofstuk 24 sy pen neergesit. Mens kan 'n Bybelboek daarom net na behore verstaan as jy dit op die manier lees en bestudeer waarop die oorspronklike outeur(s) dit geskryf het.

In hierdie aangrypende leesprogram, gaan jy begelei word om die Bybel weer reg te lees. Jy gaan opnuut deel word van God se groot verhale wat stap vir stap ontvou in die verskillende Bybelboeke. Hierdie verhale is so aangrypend dat die skrywers dit nie binne 'n paar woorde of sinne kon klaar vertel nie.

Nee, hulle het paragrawe, hoofstukke, boeke, ja op die ou end selfs Testamente, nodig gehad. As jy begin om saam met elke Bybelskrywer op hierdie pad te stap, sal jy beter verstaan wat God regtig vir ons wil sê.

Dan begin die Bybel weer om die "stilte van al ons menslike gepraat" met lewende woorde te deurbreek.

Geniet dit om die Bybel self te lees - ja, reg te lees!

PINKSTER 2009

Twee reekse:

Oggendreeks: Ds Odie Odendaal
Maandag 25 Mei—Vrydag 29 Mei
Elke oggend om 10:00

Aandreeks: Video-aanbieding deur Nicky Gumbel oor *Die Persoon en die Werk van die Heilige Gees*
Elke aand om 19:00

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik <u>om te hoor wat lidmate sê</u>.

Die <u>terugvoerkaarte</u> in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer <u>nou</u> 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

McDonalds projek

Baie dankie aan elke gemeentelid wat ons jeug ondersteun deur die afgelope twee weke iets by McDonalds te koop! Ons sal laat weet wanneer daar weer so 'n geleentheid is. Die fondse word aangewend om kategesemateriaal aan te koop en jeugaktiwiteite te reël.

Ontdek jou Potensiaal

Saterdag 13 Junie 2009

08:00—16:00

'n Dag-seminaar om jou te help om jou talente te ontdek en te ontwikkel

JY IS UNIEK!

Elkeen van ons is geskape met 'n doel (Ef 2:10). Jy ook. Jou doel verskil van ander. Daarom het die Here jou uniek gevorm en ontsaglik baie in jou belê. Hy het jou toevertrou met gawes van onskatbare waarde. *Dit is egter 'n skat wat nie aan jou behoort nie—die Here het jou daarmee geseën ter wille van ander*. Jy moet dit egter ontwikkel en bestuur.

Hoe gaan ek te werk om my potensiaal te ontdek?

- Skryf in deur 'n sms aan 0845818139 of 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za te stuur of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2009.html
- Jy sal 'n boek ontvang waarin daar 'n kode is. Hierdie kode moet jy gebruik om op die internet 'n vraelys in te vul. Die vraelys word gebruik om jou vyf top talenttemas te ontdek. Jy sal 'n verslag ontvang wat jy moet uitdruk.
- Bring die verslag saam na die seminaar.

Koste: R290 per persoon, betaalbaar wanneer jy die boek ontvang.

Daar is ook nog twee ander geleenthede hierdie jaar:
29 Augustus 2009 en 7 November 2009

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**
  (Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)
- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**
  'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

FEESBUNDEL

Daar is nog enkele bestellings wat nie afgehaal is nie uitstaande. Sal u asseblief DRINGEND u kopie afhaal by Max (Krugerlaan 286, 012 664-3629).

Daar is ook nog 'n paar ekstra kopieë indien u nie bestel het nie! Die koste is R100.

NUWE BOODSKAPREEKS
10 Mei—21 Junie 2009

Mekáár

Wat dit beteken om deel van 'n geloofsgesin te wees

[Deel van jaartema: Leef naby aan God—hoe om God se stem te hoor deur na mekaar te luister]

Temas:

24 Mei	Ons *versorg* mekaar
31 Mei	Ons *versterk* mekaar
7 Junie	Ons *verryk* mekaar
14 Junie	Ons *vervul* ons funksie
21 Junie	Viering

Die volgende sal beskikbaar wees en by die tema aansluit:

- Dagstukkies
- Kleingroepriglyne
- Huisgodsdiensriglyne

Watter soort kleingroep wil jy deel van wees?

Vriendskapsgroep * Omgeegroep * Bybelstudiegroep * Groeigroep * Bedieningsgroep * Dissipeskapsgroep

[Dui keuse op terugvoervorm aan]